

# STAPTOGTE (C)

## Graad 6



### A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die geleentheid te gee om verworwe kennis op 'n avontuurlike manier toe te pas.
2. Die natuur op 'n besondere wyse te laat beleef.
3. Die afhanklikheid van mekaar en die groep te laat besef.
4. Te laat ervaar wat oorlewing is.

### B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. **Voorbereiding:** Voordat 'n staptog wat kwalifiseer vir die toekenning aangepak word, moet die kinders deeglik op die hoogte wees van die volgende inligting en dit prakties kan toepas:
  - Weet waarna om op te let by die aankoop van 'n rugsak en goeie stapskoene.
  - Kennis dra van beskikbare kookgerei en weet hoe om dit te gebruik.
  - Weet waarna om te kyk as 'n slaapsak gekoop word en hoe om dit te versorg.
  - Weet watter tipe klere geskik is vir 'n staptog.
  - Self 'n voedsame spyskaart vir 'n 2-dag staptog uitwerk.
  - Sonder hulp 'n elementêre roetekaart kan vertolk en weet hoe om 'n kompas prakties te gebruik.
  - Weet watter inligting vir die mense tuis gelaat moet word.
  - Verstaan watter vooraf reëlins getref moet word om 'n bepaalde roete te gebruik.
  - Weet hoe om 'n rugsak reg te pak vir 'n staptog.
2. **Noodsituasies:** Werklik in staat wees om die volgende vereistes prakties toe te pas vir sy eie sowel as medestappers se veiligheid.
  - Kennis dra van natuurrampe wat in die omgewing van die beplande roete voorkom: frats storms, oorstromings, weerlig, hittegolf, uitsonderlike koue, digte mis.
  - Weet hoe om in bogenoemde omstandighede op te tree.
  - Met selfvertroue in die volgende noodsituasies kan optree:
    - ♦ 'n beseerde maat vervoer.
    - ♦ wanneer die groep verdwaal het.
    - ♦ sou 'n water gebrek ontstaan.
    - ♦ sou die groep in 'n veldbrand beland.
    - ♦ weet wat is noodseine en dit kan gebruik.
3. **Noodhulp:** Kennis neem van die volgende noodgevälle:
  - 'n verstuite voet kan stabiliseer.
  - 'n brandwond, blysteek, slangbyt, blaas aan die voet en hitte-uitputting.
4. Een nag oorslaap in die veld. Weet hoe om 'n skuiling te bou vir die nag se oorslaap vir vier of meer persone met natuurlike of mensgemaakte materiaal.
5. 'n Staptog van 5 tot 10km saam met 'n volwasse leier onderneem. Die kennis wat opgedoen is, moet toegepas word tydens die staptog.
6. Deeglike nabetrugting van suksesse sowel as probleme moet uitgelig word. Voorstelle vir verbeteringe moet ook aangeteken word.

### C AANBIEDING

1. By elke vereiste word presies gesê wat verwag word, die aanbieding moet dus prakties van aard wees sodat die kind die voorbeeld kan volg.
2. Dit is baie belangrik dat die kind regtig **weet en kan** en nie amper weet of amper kan nie. Sy lewe mag daarvan afhang aangesien daar oorgeslaap word in skuilings.
3. Dit sal lonend wees om die teoretiese inligting wat aan die kinders verskaf is mondelings of skriftelik te kontroleer. Dit is nodig vir die kind se veiligheid sowel as vir 'n suksesvolle staptog.
4. 'n Korter staptog, voor die twee-dag staptog aangepak word, kan ook gebruik word om te kontroleer of die kinders die inligting onder die knie het.
5. Tydens so 'n kort staptog kan probleme nageboots word om die kinders oefening te gee.
6. Heelwat aandag en oefening moet gegee word aan krisis situasies en die hantering daarvan.